

Saterdag 19 Oktober

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-7

Fokusgedeelte: Galasiërs 4:6-7

Wedergeboorte – inwyding in die huisgesin van God

Elke persoon het 'n sekere emosie oor die huisgesin waarvan hy deel is. Óf positief, weens liefdevolle ouers en 'n goeie omgewing, óf negatief, weens afwesige ouers of struwelinge met gesinslede. Maak nie saak hoe jy oor jou huisgesin voel nie, jy bly steeds deel van daardie huisgesin. Jy kan verhuis, weier om met gesinslede te praat, of selfs jou naam en van verander. Jy hou egter aan om dieselfde DNA, herkoms en moedertaal te deel.

Net só werk dit met die huisgesin van God! As gelowige wat uit genade die wedergeboorte ontvang het, is jy deel van die huisgesin van God. Jy is nie net verlos van die sonde en die dood nie, maar ook tot 'n verhouding met medegelowiges. Dit is nie opsioneel tot jou geloof nie. Nee, God die Heilige Gees wy jou in die huisgesin van God in. Dieselfde Heilige Gees wat aan jou die wedergeboorte, geloof en bekering gee, gee dit in jou hart om tot God te roep “Abba!” Dit beteken Vader. Om God jou “Vader” te noem, beteken dat jy sy kind en erfgenaam is; 'n erfgenaam van die rykdom wat daar vir jou in Jesus Christus is, naamlik heerlijkheid, ewige lewe in oorfloed en vryheid van die sonde, seer, pyn en ewige dood.

Tog gaan dit nie oor “eendag” nie, maar ook oor “vandag”. Net soos wat broers en susters veronderstel is om mekaar te ondersteun en lief te hê, is ons as kerk van die Here veronderstel om mekaar in hierdie lewe met sy uitdagings te ondersteun en lief te hê. God gee ons as broers en susters vir mekaar juis om mekaar na die krag van God te wys wanneer ons met ons swakhede gekonfronteer word. Wat 'n voorreg is dit om deel te wees van die huisgesin van God!

Sing: Psalm 133-1:1, 2

Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg/Saldanha)